BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# EEN VIR ALMAL

# Deel 4 – Brûe na Jesus

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wat is 'n unieke of 'n sterk eienskap binne julle familie, wat iets van julle familie se identiteit sal vertel?**

**Watter rol dink jy speel verhoudings en die vermoë om verhoudings met ander mense te bou in die koninkryk van God? Verduidelik.**

**In die vier weke van die reeks EEN VIR ALMAL, watter gedagte, konsep of opdrag het vir jou uitgestaan?**

**Hoe intensioneel en doelgerig leef jy tans om ander mense in die Naam van Jesus te dien? Hoe vergelyk dit met die verwagting wat die Bybel skep? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**2 Korintiërs 5:17-20. Dink vir 'n oomblik waar jy orals jouself die afgelope week bevind het. Hoe intensioneel was jy om 'n ambassadeur van Christus in al hierdie plekke te wees. Verduidelik.**

**Kolossense 3:2-3. Hoekom dink jy is dit belangrik om gereeld jou gedagtes op God se dinge en sy prioriteite in jou lewe te rig?**

**Watter uitwerking dink jy kan dit op jou lewenswyse hê as jy jouself gereeld herinner aan jou identiteit in Christus?**

**1 Korintiërs 4:1-2. Sien jy jouself as 'n dienaar van God? Hoe betroubaar is jy in hierdie rol en om te doen wat Hy vra?**

**Matteus 20:28 en Lukas 19:10. Dink jy as 'n volgeling van Jesus in dieselfde terme oor jou taak en roeping in hierdie lewe soos wat Jesus gedoen het? Wat dink jy moet verander?**

**In die preek is 3 eienskappe genoem hoe ons moet wees om soos Jesus te dien: *1) Beskikbaar; 2) Beweegbaar; en 3) Betroubaar*. Watter een van hierdie het die meeste aandag in jou lewe nodig? Hoe kan jy hierdie eienskappe meer en meer in jou eie lewe kweek?**

**Dink vir 'n oomblik aan die behoeftes van mense by jou werk, daar waar jy woon of dié van jou vriende en familie. Wat het jy om by te dra tot die oplossing van hierdie behoeftes? Hoe kan jy Jesus sigbaar maak in die oplossing van hierdie behoeftes? Hoe kan jou groep jou daarin help en ondersteun?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**